

Contact Heleen@grainsa.co.za for more information.

Plantaardige oliemarkprys

2025/06/05	1 WEEK TERUG 2025/05/28			1 MAAND TERUG 2025/05/08		1 JAAR TERUG 2025/06/06	
	Δ	%Δ	Data	%Δ	Data	%Δ	Data
Internasionale Oliesaad (US\$/ton)							
SOYA-OIL, ARGENTINA, FOB	1010	42 ↑	4,34%	968	0,60%	1004	7,68%
SOYA-PALLETS, ARGENTINA, CIF	309	-3 ↓	-0,96%	312	0,64%	311	-0,18%
SOYBEAN, BRAZIL, CIF	427	21 ↑	5,17%	406	5,69%	404	-0,43%
USA RUNNER 40/50 GROUNDNUTS	1330	0	0,00%	1330	0,48%	1350	2,12%
SUNFLOWER OIL, ARGENTINA, FOB	1090	-20 ↓	-1,80%	1110	2,68%	1120	12,37%
SUNFLOWER SEED, BLACK SEA	525	-15 ↓	-2,78%	540	2,89%	570	8,25%
RAPESEED, EU CIF	543	-1 ↓	-0,18%	544	2,65%	529	8,38%
PALM OIL MALAYSIA FOB	963	-12 ↓	-1,23%	975	1,05%	953	8,81%
Plaaslike Oliesaad (R/ton)							
SOY Spot	7144	-28 ↓	-0,39%	7172	0,00%	7365	21,04%
SOY May' 25	7208	-32 ↓	-0,44%	7240	0,18%	7445	20,96%
SUN Spot	8910	-132 ↓	-1,46%	9042	1,00%	8822	-2,26%
SUN May' 25	9010	-156 ↓	-1,70%	9166	-0,06%	9015	-2,05%

Plantaardige markkommentaar


Sojabone: Die wêreldwye produksie van sojabone gaan na verwagting toeneem en naby aan 427 miljoen ton bereik. Hierdie groei is hoofsaaklik te danke aan 'n sterk oes in Brasilië, wat verag word om kleiner oeste in lande soos die VSA, Kanada en Argentinië te oortref. Die verwerking van sojabone wêreldwyd sal waarskynlik ook toeneem, gedryf deur verhoogde aktiwiteit in groot produsente soos China, die VSA, Brasilië en Argentinië, sowel as in belangrike invoerlande soos Egipte, Bangladesj en Pakistan.

Sonneblom: Die wêreldproduksie van sonneblomsaad sal waarskynlik toeneem, danksy 'n sterk herstel in sleutelprodusente soos die EU, Oekraïne en Rusland. Die verwerking van sonneblomsaad sal na verwagting herstel, wat sal help om die produksie van sonneblomgebaseerde produkte te verhoog, nadat dit in die 2024/25-seisoen tot hul laagste vlakke in drie jaar gedaal het. Die vraag na sonneblomolie gaan waarskynlik sterk styg, veral in China en Indië, waar dit hoofsaaklik vir voedseldoeleindes gebruik sal word. Daarbenewens sal China waarskynlik sy invoer van sonneblomsaadmeel verhoog, aangesien dit na alternatiewe vir kanolameel soek.


Kanola: Die produksie is op koers om met meer as 5% te herstel. Hierdie oplewing word aangedryf deur beter opbrengste in die EU, Kanada en Rusland, wat die afnames in lande soos die VSA, die VK en Oekraïne meer as vergoed. Die verwerking van kanola sal na verwagting met byna 2% groei, met noemenswaardige toenames in lande soos die EU, Indië en Kanada wat tot die algehele uitbreiding bydra.

Grondbone: 'n Ligte toename in wêreldwye produksie word voorspel.

Vergelyking van oliesaadpryse/ Comparison between oilseed prices



Average price paid for imported soybean oilcake (SARS)



Average price paid for imported sunflower oilcake (SARS)

